DEEL 117 | WEEK 2 | 10 JANUARIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Genadige reën bring hoop ná weke van droogte

Die afgelope paar dae se broodnodige reën het 'n golf van verligting deur die landbougemeenskap gestuur, ná weke van droogte wat gesaaides en boere se gemoedere getoets het. Terwyl sommige gebiede aansienlik goeie hoeveelheid reën ontvang het, bly ander steeds sukkel met neerslae laer as normaal. Gerrit Viljoen, voorsitter van die plaaslike Landbou-distrik, beskryf die reën as 'n "reddingsboei" vir gewasse. "Die sagte reën het diep ingesak en min verspoelings veroorsaak, wat 'n groot voordeel is," verduidelik hy. Viljoen meld dat hy op sy plaas Grootenburg 98 mm gemeet het, terwyl sy plaas tussen Frankfort en Villiers 40 mm ontvang het. Hy wys daarop dat, hoewel hy moes oorplant, dit eerder te wyte was aan windskade en 'n muisplaag as aan droogte. "Die muisplaag is tans 'n groot uitdaging vir talle boere in die streek," voeg hy by.

Danie Myburgh, 'n boer van Hoogte, noem dat hulle op hul plaas Katkop 'n indrukwekkende 100 mm ontvang het. "Die reën was van onskatbare waarde, veral vir ouer mielie-oes wat swaar gekry het," sê hy. In die Moedersdeel-distrik was die situasie egter minder rooskleurig. Koos Engelbrecht, 'n boer in dié gebied, verduidelik dat die distrik in Desember slegs 35 mm ontvang het – heelwat minder as die gemiddelde 153 mm vir die maand. In Januarie het hy tot dusver 55 mm op sy plaas Benjamin gemeet, maar hy erken dat baie boere steeds sukkel om die effekte van die droogte te oorkom. "Ons moes oorplant as gevolg van die min reën, en dit het 'n groot invloed op ons insetkoste," sê Engelbrecht. Petrus Pienaar van die Sasolburg-Heilbron-distrik is positief oor die 118 mm wat hy die afgelope drie dae op sy plaas Rooibult gemeet het. Hy hoop dat die goeie begin van Januarie 'n nuwe momentum aan die seisoen sal gee. "Die kundiges voorspel steeds 'n La Niña-seisoen, maar as die reën soos nou volhou, kan ons nog 'n goeie oesjaar hê," sê hy. Hy meld ook dat daar erge verspoelings op die Sasolburgpad naby Burningham was, maar gelukkig het sy eie plaas nie skade gely nie. Ten spyte van die dankbaarheid oor die reën, bly daar kommer oor die laer as gemiddelde reënval. Boere is realisties oor die uitdagings wat voorlê, maar bly optimisties oor die vooruitsigte. Soos die wolke weer begin saampak oor die streek, leef die boere met hoop – en 'n diep dankbaarheid – vir die genade wat die reën bring.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

Totsiens 2024, en hello 2025. So baie het gebeur verlede jaar by Ringerstraat Jeugsorgsentrum. Nie net is die maatskaplike werker na 'n bestuurder bevorder nie, maar daar is ook 'n nuwe gesig as die maatskaplike werker by die sentrum. Buiten die personeel veranderinge, sal julle ook sien dat Ringerstraat besig is om 'n hele nuwe voorkoms te kry deur al die herstelwerke wat gedoen word. Dit sou nie kon plaas gevind sonder die Nawongo fondse wat Engo Hoofkantoor beskikbaar gestel het nie. Nie net is Ringerstraat besig om herstelwerke te ondergaan nie, maar vir die afgelope 2 jaar is daar 32 ander jeugsorgsentrums sowel as Gesinsorgkantore en Ouetehuise ook opgeknap.

Die jaar wil Ringerstraat na nuwe hoogtes gaan en ons wil ons dank uitspreek teenoor die skenkers van 2024 wat ons gehelp het om ons deure oop te hou. Sonder julle onbaatsugtige liefde sou ons nie die jaar oorleef het nie. In 2025 benodig ons beslis die gemeenskap se hulp. Daar is verskeie maniere waarop julle betrokke kan raak. Eerstens is ons opsoek na bestuurslede wat op ons Beheerraad kan dien. Dit behels die bywoning van een vergadering per kwartaal, nou en dan besoeke by die sentrum en ook deel van 'n WhatsApp groep. As dit op julle hart lê om 'n verskil in kinders se lewens te maak, skakel Elmarie Els by 079 599 4135. Al wat dit gaan behels is tyd en omgee.

Dan is ons Bless met 'n blikkie projek by OK Minimark nog steeds aan die gang. Gooi 'n ekstra nie-bederfbare produk in julle winkeltrollie en plaas dit by die mandjie voor in die winkel. Elke blikkie help om 'n magie te voed in die sentrum. Opregte dankbaarheid aan die wat alreeds deelneem aan die projek.

Met die opknappingswerk wat die sentrum mee besig is sowel as die skole wat begin, is daar 'n wenslys opgestel van produkte wat ons benodig: Skryfbehoeftes, gordyne, eetgerei, potte en panne, badkamer matjies sowel as toiletware. As julle jul weg sien om in een van die produkte te voorsien skakel Elmarie Els by 079 599 4135. Daar word ook gevra dat as daar enige ou, gebruikte skryfbehoeftes is, wat julle nie weer wil gebruik nie, om ons te nader en te help. Elke bietjie help so baie.

**Van die kinders en personeel is ons wens:**

- Mag die wind slegs jou hare deurmekaar woel, maar nie jou gees omkrap nie
- Mag die son jou nie skroei nie, maar slegs warmte skenk, ook in jou hart
- As die reën op jou val, voel geseënd
- As jy guns en gawes ontvang, neem dit met dankbaarheid en nederigheid
- As jy vriendskap ervaar, koester dit As jy liefde ervaar, troetel dit
- Mag jou bekers van geloof, hoop en liefde altyd gevul bly
- Mag die geskenke en lesse wat jy van die lewe ontvang, groter wees as dié wat met geld gekoop kan word
- Mag jy altyd bewus wees van die kosbaarheid en kortstondigheid van tyd
- Mag jy veilig loop en ry op die paaie waar jy gaan
- Mag jou opdraendes nie te steil wees nie, en mag jou 'bagasie' nie te swaar word nie
- Mag die lewe jou met 'n sagte hand aanraak
- Mag jy altyd 'n bewustheid, empatie en begrip hê vir en van die omstandighede van ander
- Mag jy vroegdag opstaan en saans gaan slaap met 'n hart vol dankbaarheid
- Mag ons oë gerig bly op God.





# Nuwejaarsvoornemens: Is dit die moeite werd?

Met die aanbreek van 'n nuwe jaar, kom ook die tradisie van Nuwejaarsvoornemens. Sommige mense sien dit as 'n vars begin, 'n kans om ou gewoontes af te skud en nuwe doelwitte na te jaag. Ander voel dat dit net 'n opeenhoping van druk is wat uiteindelik tot teleurstelling lei.

Volgens 'n opname hou die meeste mense nie hul voornemens langer as 'n maand nie. Gewigsverlies, finansiële stabiliteit, of meer tyd saam met geliefdes is gereelde temas. Hoewel hierdie doelwitte prysenswaardig is, laat die realiteit van die alledaagse lewe baie mense hul voornemens vergeet.

Vir sommiges is die tradisie egter waardevol. "Dit gee my hoop," sê 'n inwoner van Heilbron. "Al bereik ek nie al my doelwitte nie, weet ek ek het iets om na te streef."

Daar is ook diegene wat voel dat Nuwejaarsvoornemens oorbodig is. "As ek iets wil verander, wag ek nie vir 1 Januarie nie," sê 'n ander inwoner. "Elke dag is 'n kans om te verbeter."




Wat ook al jou siening is, die geheim lê in realistiese doelwitte. Begin klein en wees volhardend. Onthou, sukses is nie net in die bereiking van groot drome nie, maar in die klein oorwinnings langs die pad.

So, gaan jy hierdie jaar Nuwejaarsvoornemens maak? Of glo jy eerder daarin om jou lewenspad een dag op 'n slag te loop?

# UIT DIE PEN: Week 2



Ek het lank gewonder oor hierdie jaar se tema. Twee en drie jaar gelede het ek julle deur my skoolhouloopbaan geneem en verlede jaar het ek elke keer 'n vraag waaroor ek gewonder het, gevra. Uiteindelik tref dit my vandag: hoekom gesels ek nie hierdie jaar oor "ek wens" nie? Nie soos tarragie-tarrago nie. Dalk is dit net 'n wens om iets beter te maak. Dalk 'n wens om iets te kry of om iets te behaal, 'n wens vir 'n ander mens.

Wens is nie altyd dieselfde as om te begeer nie. Ek dink begeer hang aan twee weegskale: om iets te wil hê wat aan iemand anders behoort en om iets te wil hê uit gierigheid. Dis nie wat "ek wens" beteken nie.

Mense maak nuwejaarsvoornemens: iemand wil ophou rook, of gewig verloor. Dalk 'n marathon gaan hardloop of inskryf vir 'n kursus. Ek dink nie ek het in my lewe al 'n nuwejaarsvoorneme gehad nie. Vir sommige kan dit dalk iets beteken.

Vir my is dit bloot dom: wanneer jy iets wil begin doen, begin sommer vandag. Moenie wag tot op 1 Januarie nie.

En dan is nuwejaarsvoornemens ook nie van die slimste dinge om te doen nie, dink ek. Jy word meegesleur deur ander wat vertel hoe begeesterd hulle is om met iets nuuts begin. Iemand gaan neem 'n gimkontrak uit. 'n Ander persoon dink dit is wys om met 'n wonderlike spaarplan te begin (wat jou vanaf die 39e Januarie met jou broek om jou knieë gaan vang).

Ek herinner my aan iemand anders se nuwejaarvoornemens verlede jaar. Sy wou nie met iemand praat indien sy nie haar volle aandag aan daardie persoon kan gee nie.

Nou kom ons wees eerlik: ons gee nie almal ons volle aandag aan elke liewe persoon met wie jy deur die dag te doen kry nie. Dalk het daardie persoon net op daardie tydstip iemand nodig wie hulle 'n kopknik of 'n glimlag te gee, al weet jy nie eers dat jy dit doen nie.

Nadat ons 2024 vaarwel geroep het, was ek verlig. Ons het deur 2024 geworstel, meeste kere met trane. Gefrustreerd. Met 'n sware juk. Ek het baie gewonder hoekom hierdie goed met ons moet gebeur?

Mense sê baie keer dat dit die Here se plan is. Ek weet nie daaroor nie. En ek sê dit nie omdat ek kleingelowig is nie.

Mense sê baie keer dat daar 'n doel is agter alles wat gebeur. Ek weet ook nie daaroor nie, en weereens nie omdat ek kleingelowig is nie.

Aan die einde van 2024 het ek geskryf dat ek nie weer deur so 'n jaar sal kan gaan nie. Daarom het ek mooi gedink oor my nuwejaarswens vir 2025.

Ons hoor almal die geykte "Voorspoedige nuwejaar." Wat dit ook al mag beteken. Dalk wens ons vir mekaar vrede. Of vreugde. Dalk liefde. Goeie gesondheid. So kan ons die kwaliteite opnoem.

Vir my was die wens wat ek aan almal gestuur het "geseënd." In alle opsigte. My nuwejaarsboodskap aan almal het bloot gelei: "Geseënde 2025." Want vir my is dit die diepste wens.

Geseënd beteken nie dat jy nie gaan swaarkry nie. Dit beteken dat jy weet dat jy nie alleen ly nie.

Geseënd beteken nie dat jy elke dag veilig gaan wees nie. Jy gaan in jou onveiligheid veilig in 'n Hemelse Vader se hande wees.

Geseënd beteken nie dat daar nie slegte goed met jou gaan gebeur nie. Jy gaan dit net makliker kan hanteer as jy weet dat daar Iemand is aan wie jy kan vashou.

Geseënd beteken nie dat jy alles in oorvloed gaan hê nie. Dit beteken jy is dankbaar oor dit wat jy tans het.

Geseënd beteken dat daar wel klagtes van jou af gaan wees, maar dat jy gaan weet dat hierdie aardse lyding net tydelik is.

Ek kan aangaan met die lys van seëninge, maar ek dink jy kry die prentjie.

Ek wens vir jou 'n lewe van seën, vir elkeen wat vandag hier lees. Mag jy geseënd wees te midde van alles wat kan verkeerd loop, want ons leef in 'n stukkende wêreld. Ons gaan seerkry. Ons gaan ly. Ons gaan hartseer wees. Raak gewoond daaraan. Ons moet hierdeur gaan om ons te louter. Nêrens in die Bybel belowe die Here dat ons dit maklik sal hê nie. Inteendeel!

En omdat ons mense is, vergelyk ons onsself met ander. Ander se lewens lyk so maklik (ja, ek doen dit ook!) Ander lyk nie of hulle swaarkry nie (hang af waarna jy kyk) Ander mense floreer (en ek voel of ek kripeer). Jy ken die ou storie oor hoekom die gras aan die ander kant van die draad groener is? Omdat daar meer bemestig is. Maar in die middel van jou lyding sien jy nie sulke humor raak nie.

Maar as jy glo, gaan dit net soveel makliker wees.

Ek dink aan die priesterlike seën in Numeri 6: Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Mag jy hierdie jaar mildelik geseën word, dwarsdeur jou trane en jou pyn en jou hartseer en jou onverwoordbare lyding. Uiteindelik kom ons almal daardeur.

Verlede jaar, net voordat ek weer onder die mes was om die plaatjie en skroewe in my been uit te haal, het twee jong vroue vir my gebid. Toe ons klaar is, het ek geweet: hierdie jaar gaan ons alles dubbel terugkry wat die duiwel verlede jaar by ons kom steel het.

My skoonsussie reken dat ons dit sewe keer terug sal kry. Wel, ek sal settle vir sewe keer.









# Heilbron treur oor die afsterwing van Phillip van der Merwe



Die gemeenskap is in rou na die afsterwe van Raadslid Phillip van der Merwe op 22 Desember 2024, ná 'n dapper stryd teen kanker. Phillip was sedert 2006 'n toegewyde VF Plus-raadslid van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, en sy onbaatsugtige diens het hom as 'n onmisbare figuur in die dorp gevestig.

Voor sy rol as raadslid het hy jare lank as burgemeester van Heilbron gedien en 'n blywende nalatenskap gelaat. Sy regsagtergrond, sowel as sy natuurlike leierseienskappe, het hom 'n steunpilaar van die gemeenskap gemaak. Phillip was bekend vir sy bereidwilligheid om te help, ongeag die situasie, en was 'n persoon op wie almal kon staatmaak. Sy bydraes tot die gemeenskap het diep spore getrap, en sy herinnering sal vir altyd in die harte van die inwoners voortleef. Phillip se begrafnis het op 7 Januarie vanuit die Moedergemeente plaasgevind, waar vriende, familie en kollegas saam gekom het om hulde te bring aan die man wat 'n ware pilaar van ondersteuning was. Phillip van der Merwe laat 'n leemte wat moeilik gevul sal word, maar sy nalatenskap sal voortleef in die harte van die gemeenskap wat hy so liefgehad het.

# Koot Naudé tot ruste gelê



Heilbron treur na die afsterwe van Koot Naudé. Koot het in Heilbron grootgeword, waar sy ouers 'n plaas op die Tweelingpad besit het. Na sy skoolloopbaan het hy sy studies voortgesit aan Glen Landboukollege en daarna diensplig in die weermag gedoen. Koot het jare lank by Clover gewerk en was bekend vir sy toegewydheid en harde werk. In sy jonger jare het hy die liefde van sy lewe Ina ontmoet, en in 1973 het hulle die knoop deurgehak. Die egpaar het twee pragtige kinders uit die huwelik. Koot was 'n pilaar in sy gemeenskap en het 'n nalatenskap van diens en betrokkenheid agtergelaat. In die vroeë jare was Koot die Vrystaat Landbou verteenwoordiger vir Streek 8 en was 'n aktiewe lid van die Slootkraal Boerevereniging. As voorsitter van die Riemland Jagtersvereniging het hy 'n passie vir die buitelewe en jag gekoester. Na sy aftrede in 2024 het die Naude's op 'n plaas gaan woon 12 km buite Askham. Kort na sy aftrede is Koot met diabetes en ander mediese toestande gediagnoseer. Koot sal altyd onthou word vir sy liefde vir die landbou, sy passie vir trekkers en sy vriendelikheid.

Hy laat sy geliefde vrou, Ina, sy seun Pieter Naudé en drie kleinkinders agter. Koot se nalatenskap van liefde en diens sal voortleef in die harte van almal wat hom geken het.

Sy diens vind plaas 11 Januarie vanuit die NG-Kerk Moedergemeente.

# 87-jarige vrou in Heilbron oorleef traumatiese aanval op Kersaand


Terwyl die meeste mense Kersfees saam met hul families en vriende gevier het, het Rina Geldenhuys (87) 'n nag van skok en trauma ervaar. Kersaand, omstreeks 20:30, het 'n man, met 'n balaklawa, by haar huis ingebreek.

Haar suster, Annie van Rooyen, vertel dat Rina op haar hoë ouderdom sukkel om goed te hoor. Die man het die krag afgeskakel, en Rina se hond het begin blaf. Rina het besluit om ondersoek in te stel. In haar kamer het die indringer haar ingewag. Volgens 'n familielid het hy haar in die gesig geslaan, probeer verwurg en haar op die bed gegooi. Hy het 'n kussing oor haar gesig gedruk en haar onderklere probeer aftrek. In 'n dapper poging om haarself te verdedig, het Rina terugbaklei en geskree. Die aanvaller het vermoedelik vir iets geskrik, aangesien hy haar selfoon – wat op haar Bybel gelê het – gegryp en gevlug het voordat hy sy bose plan kon uitvoer.

Rina se suster, Annie van Rooyen, het die voorval as skokkend beskryf en ook kritiek uitgespreek oor die polisie se hantering van die saak. Volgens haar het hulle die voorval onmiddellik by die plaaslike polisie aangemeld, maar die polisie het eers teen 01:30 opgedaag. "Toe hulle uiteindelik opdaag, het hulle gevra of iets gesteel is. Ons het bevestig dat die selfoon geneem is, maar die polisiebeampte het gesê hulle kan niks doen sonder die selfoon se boks nie," het Annie gesê. Die polisie het belowe om op 26 Desember terug te keer, maar dit het nooit gebeur nie. Uiteindelik moes Annie op 29 Desember self na die polisiestasie gaan om die saak verder te bespreek. Die stasiebevelvoerder het glo die situasie as onaanvaarbaar beskryf en het binne 10 minute daarna polisiebeamptes na Rina se huis gestuur.

Alhoewel Rina probeer om haar daaglikse lewe voort te sit, is sy steeds erg getraumatiseer deur die voorval. "Sy is 'n sterk vrou, maar dit was 'n verskriklike ervaring wat haar vir altyd sal bybly," sê Annie. Die polisie ondersoek die saak en versoek enigeen met inligting om na vore te kom.

# Boer se laaste daad 'n heldadige een



Die gemeenskap van Frankfort is in rou gedompel ná die tragiese verdrinking van die geliefde plaasboer, Riaan Heine. Sy heldedaad om sy dogter te red, het diep spore in die harte van die gemeenskap gelaat.

Volgens kapt. Lorraine Earle, woordvoerder van die Vrystaatse Polisie, is Heine se liggaam Woensdagoggend deur polisieduikers in die Leeuspruit gevind, 800m van waar die fratsongeluk gebeur het. Die voorval het Maandag, 6 Januarie, plaasgevind op sy plaas in die Frankfort-distrik.

Volgens berigte het Heine, sy vrou, en hul twee dogters die dag saam by die spruit, naby hul huis, spandeer. Terwyl die familie die rustige omgewing geniet het, het een van die dogters in die water in die moeilikheid beland. Sonder om te huiwer, het Riaan dadelik ingespring om haar te red. Hy het daarin geslaag om sy dogter veilig uit die spruit te kry. Tragies genoeg is hy egter self deur die sterk stroom meegesleur.

'n Grootskaal se soektog is van stapel gestuur met die hulp van polisieduikers, plaaslike boere en vrywilligers. Die gemeenskap beskryf Riaan as 'n onselfsugtige man wat altyd bereid was om te help, maak nie saak wat die omstandighede was nie.

Riaan was 'n held in die ware sin van die woord. Sy optrede wys wie hy was – 'n man wat sonder twyfel sy eie lewe sou waag om iemand anders te red.

Riaan Heine se nalatenskap van liefde en opoffering sal voortleef in die harte van almal wat hom geken het. Die gemeenskap staan steeds saam om sy gesin in hierdie moeilike tyd te ondersteun.

Ngwathe
MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

REVIEW OF THE SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (SDF 2025/2030), FOR NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

Notice is hereby given in terms in terms of Section 26(e) of the Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 (MSA) and Section 20 of the Spatial Planning and Land Use Management Act, Act 16 of 2013 (SPLUMA).
The Spatial Development Framework summarises spatial policies, provides a status quo analysis, concludes that with spatial challenges and opportunities, contains a spatial vision and objectives, and presents spatial proposals including town plans, and an implementation framework applicable to the Local Municipality.
The Municipality's Draft Spatial Development Framework is ready for public consultation and will therefore be open for public comment for a period of 60 days from 10 January 2025. All comments must be submitted to the municipality at per the contact details below within 60 days, whereafter the SDF will be updated and adopted.
Further details regarding the process may be obtained from the Ngwathe Local Municipality, Mr JL Mogorosi, on 071 854 5276, email: soytut@ngwathe.co.za and tshepang.seko@misa.gov.za, during normal office hours (Mondays to Fridays, 07:30 to 16:30).
**The Municipal Manager**
**Ngwathe Local Municipality**
**Liebenburg Street, Parys**
**PO Box 359, Parys, 9585**

## Boere langs die Vaalrivier gemaan na swaar reën in Grootdraaidam se opvangsgebied



Na swaar reënval in die opvangsgebied van die Grootdraaidam, is boere langs die Vaalrivier op 7 Januarie ernstig gemaan om versigtig te wees. Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) het aangekondig dat die oormaat water waarskynlik sal noodsaak dat die dam se sluise oopgemaak word. Dit sal 'n beduidende styging in die Vaalrivier se watervlakke tot gevolg hê.

Die Grootdraaidam staan tans op 'n vlak van 111,86%, met 'n invloei van 994 $m^3/s$ en 'n uitvloei van 306 $m^3/s$. Die opvangsgebied het ook 80,4 mm reën ontvang, wat die toevoer tot die dam aansienlik verhoog het.

| | Monday | Tuesday | Wednesday |
|---|---|---|---|
| VAAL DAM | 06 Jan 2025 | 07 Jan 2025 | 08 Jan 2025 |
| Inflow ($m^3/s$) | 233.5 | 370.1 | 1,071.8 |
| Storage (% Full) | 24.25 | 24.30 | 25.56 |
| Discharge ($m^3/s$) | 17.5 | 17.5 | 17.5 |
| Sluice Gates Open (#) | 0 | 0 | 0 |

Ngwathe
MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

OORSIG VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (SDF 2025/2030), VIR NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

Hiermee word kennis gegee in terme van Artikel 26(e) van die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 (MSW) en Artikel 20 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, Wet 16 van 2013 (SPLUMA).
Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) som ruimtelike beleide op, verskaf 'n status quo-analise, sluit dié af met ruimtelike uitdagings en geleenthede, bevat 'n ruimtelike visie en doelwitte, en voorsien ruimtelike voorstelle, insluitend dorpsplanne, en 'n implementeringsraamwerk wat op die Plaaslike Munisipaliteit van toepassing is.
Die Munisipaliteit se Konsep Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk is gereed vir openbare konsultasie en sal beskikbaar wees vir publieke kommentaar vir 'n tydperk van 60 dae vanaf 10 Januarie 2025. Alle kommentaar moet binne 60 dae by die munisipaliteit, volgens die adresopsies hieronder, ingedien word, waarna die ROR opgedateer en aangeneem sal word.
Verdere besonderhede rakende die proses kan van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit verkry word by Mnr JL Mogorosi, te 071 854 5276, e-pos: soytut@ngwathe.co.za en tshepang.seko@misa.gov.za, of gedurende gewone kantoorure (Maandae tot Vrydae, 07:30 tot 16:30).
**Die Munisipale Bestuurder**
**Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit**
**Liebenburgstraat, Parys**
**Posbus 359, Parys, 9585**

E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron

DEBITEURE KLERK
VAKATURE

Verantwoordelikhede & Vaardighede:
- Invordering van rekenings
- Hantoor van fakture & rekenings
- Kantooradministrasie Vaardighede
- MS Office (Word, Excel)
- Pastel / TurboCash
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Debiteure klerk ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E & E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

AANSOEKE SLUIT 17 JANUARIE 2025

COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# SMALLS

## BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

Kontak ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede
Tel: 058 852 3033

## HONDJIE VERLORE
Sy is 8 jaar oud en haar naam is Bella. Bella se hare is kort geskeer en sy het weggeloop van die Plaas Rooderand (Spitsrand) op 22 Desember 2024 om 17:00. Vermoedelik kon iemand haar dalk opgetel het.

**Navrae kontak Magriet 082 463 0670**

## FOTOSTATE

Swart / Black

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

Volkleur / Colour

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National



ELSSTRAAT 44 | HEILBRON
TEL: 058 852 3033
Herald Office National

## WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

### BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!







## BIBLIOTEEK OOP
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za







## GEKLASSIFISEERD
**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD Sport




# 2025 2nd League Fixtures

| Venue | 11-Jan | |
|---|---|---|
| Heilbron | Heilbron | Meyerton |
| Verref | Sharpeville | Route 66 B |
| Route 66 | Route 66 A | Vereeniging |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Rust Ter Vaal |
| Bye | | Sasolburg |

| 35 Overs | | |
|---|---|---|
| Venue | 18-Jan | |
| Meyerton | Meyerton | Heilbron |
| Route 66 | Route 66 B | Sharpeville |
| Vereeniging | Vereeniging | Route 66A |
| Verref | Rust Ter Vaal | Vanderbijlpark |
| Bye | | Sasolburg |

| Venue | 25-Jan | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Route 66 B |
| Route 66 | Route 66 A | Sharpeville |
| Verref | Rust Ter Vaal | Vereeniging |
| Sasolburgburg | Sasolburgburg | Vanderbijlpark |
| Bye | | Heilbron |

| Venue | 01-Feb | |
|---|---|---|
| Heilbron | Heilbron | Sharpeville |
| Vereeniging | Vereeniging | Route 66 B |
| Route 66 | Vanderbijlpark | Route 66 A |
| Verref | Rust Ter Vaal | Sasolburgburg |
| Bye | | Meyerton |

| Venue | 08-Feb | |
|---|---|---|
| Route 66 | Route 66 A | Meyerton |
| Verref | Rust Ter Vaal | Sharpeville |
| Sasolburgburg | Sasolburgburg | Vereeniging |
| Route 66 | Route 66 B | Heilbron |
| Bye | | Vanderbijlpark |

| Venue | 15-Feb | |
|---|---|---|
| Verref | Rust Ter Vaal | Meyerton |
| Sasolburgburg | Sharpeville | Sasolburgburg |
| Vereeniging | Vereeniging | Vanderbijlpark |
| Route 66 | Route 66 A | Heilbron |
| Bye | | Route 66 B |

| Venue | 22-Feb | |
|---|---|---|
| Vereeniging | Meyerton | Sasolburg |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Sharpeville |
| Verref | Rust Ter Vaal | Heilbron |
| Route 66 | Route 66 A | Route 66 B |
| Bye | | Vereeniging |

| Venue | 01-Mar | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Vanderbijlpark |
| Vereeniging | Vereeniging | Sharpeville |
| Heilbron | Heilbron | Sasolburgburg |
| Verref | Rust Ter Vaal | Route 66 B |
| Bye | | Route 66A |

| Venue | 08-Mar | |
|---|---|---|
| Vereeniging | Vereeniging | Meyerton |
| Heilbron | Heilbron | Vanderbijlpark |
| Route 66 | Rust Ter Vaal | Route 66 A |
| Verref | Route 66 B | Sasolburgburg |
| Bye | | Sharpeville |

| Venue | 15-Mar | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Sharpeville |
| Heilbron | Heilbron | Vereeniging |
| Route 66 | Route 66 B | Vanderbijlpark |
| Sasolburgburg | Sasolburgburg | Route 66 A |
| | | Rust Ter Vaal |


POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006









RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 8 FEBRUARIE, | 09:00 | PRETSKIET |
| 15 FEBRUARIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 8 MAART, | 09:00 | SKIETOEFENING |
| 15 MAART, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 APRIL, | 09:00 | RIEMLAND OPE PRYSSKIET/SPANSKIET |
| 17 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 7 JUNIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 1922



WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 13 JANUARIE 2025
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 14 JANUARIE 2025
VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

WOENSDAG - 15 JANUARIE 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
VRYHEID Maandelikse veiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365

DONDERDAG - 16 JANUARIE 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

VRYDAG - 17 JANUARIE 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071